

LEESVERSLAG : NG KERK STRAND-NOORD

INLEIDING

Hiermee word 'n leesverslag vir die NG Gemeente Strand-Noord aangebied, gebaseer op die uitstekende data wat die leesspan versamel het.

Dit was 'n voorreg om julle onderhoude te lees en 'n kykie in die hart van julle gemeente te kry.

Onthou asb. dat hierdie verslag nie 'n evaluering van die gemeente is nie. Die verslag wat onder die wateroppervlak inkyk, en die diepste waardes en oortuigings van die gemeentes raaksien. Die vraag is watter dominante voorstellings oor God, die identiteit van die kerk, die roeping van die kerk, en die verstaan van die konteks in julle gemeente leef.

Die verslag word in 'n dialogiese styl geskryf, wat beteken vrae oor die betekenis en inhoud van julle "gemeenteteologie" word deurgaans gevra.

OMVANG VAN DIE ONDERSOEK

Die luisterspan het 28 onderhoude gevoer. Hiervan is 6 met Familielede (F), 14 met binnekring-vreemdelinge (IS), en 6 met buitekring-vreemdelinge (OS) gevoer. Binne die raamwerk van die ondersoek is

- F = persone in beheer van die gemeente;
- IS = persone wat van die bediening van die gemeente gebruik maak, maar nie in besluitnemingsrolle is nie; en
- OS = mense wat die gemeente ken, maar herkenbaar nie deel van die gemeente is nie.

Wat geslagsverspreiding betref, is 10 mans en 18 vroue ingesluit.

Wat ouderdomsverspreiding betref, is:

- 3 persone tussen 20-29
- 1 persoon tussen 30-39
- 6 persone tussen 40-49
- 9 persone tussen 50-59
- 6 persone tussen 60-69
- 2 persone tussen 70-79
- 1 persoon ouer as 80

Wat jare in die gemeente / bekend met die gemeente betref, is die verspreiding as volg:

- 2 persone is korter as 5 jaar in die gemeente
- 2 persone is sowat 5 jaar in die gemeente
- 4 persone is tussen 5 en 10 jaar in die gemeente
- 11 persone is tussen sowat 10 en 15 jaar in die gemeente
- 4 persone is tussen sowat 15 en 25 jaar in die gemeente
- 3 persone is tussen sowat 25 en 40 jaar in die gemeente
- 2 persone is langer as 40 jaar in die gemeente

Dit blyk dat die luisterspan moeite gedoen het met die ondersoek, dit reg aangepak het en voldoende diversiteit ingesluit het.

VRAAG 1 : BESKRYF DIE GEMEENTE AAN 'N NUWE PERSOON

Sommige antwoorde wat mense gegee het:

Heelwat opmerkings word oor die diversiteit, en hantering daarvan, in die gemeente gemaak. 'n Binnekring-vreemdeling sê: "Die verskeidenheid in die eredienste is goed. Ons maak voorsiening vir alle ouderdomsgroepe en smake. Mense met tradisionele behoeftes en denke, asook meer moderne smake word geakkommodeer."

Agt persone beskryf die gemeente positief oor die hantering van kinders en jongmense, ook in interaksie met ouer lidmate. Die sensitiwiteit vir kinders en jongmense word nie as bedreigend vir die geloofslewe van ouer lidmate gesien nie. 'n Buite-vreemdeling sê "lofpysing en musiekinstrumente geskik vir alle ouderdomme." Die kinderbediening word as ooglopend dinamies beskryf. Een persoon meld dat die hoërskoolbediening nie soveel aandag ontvang nie.

Die predikante word as toeganklik beskryf, met 'n goeie verhouding tussen die drie van hulle. Vyf persone maak positiewe opmerkings oor die predikante, die prediking, en die leiding van eredienste. 'n Buite-vreemdeling sê daar is nie afstand tussen die predikante en die gemeente nie. Die personeel self word ook as "baie vriendelik en toeganklik" beskryf.

Die atmosfeer in en funksionering van die kerkraad word as goed beskryf, en tradisionele huisbesoek met instemming deur vier persone vermeld.

Verskeie persone (4) verwys na "kliekerigheid" in die gemeente. Spesifiek 'n familielid (F) noem dat kliekerigheid kan voorkom. 'n Buite-vreemdeling sê: "Daar is 'n gevoel van klieke sodat dieselfde mense altyd saam is en 'n nuweling van buite nie ingetrek word nie." Daarmee word skynbaar bedoel dat van die lidmate in bestaande groeperinge nie sensitief genoeg is om nuwe geloofsgemeenskap te vorm nie. As jy betrokke raak, sal jy warmte en omgee ervaar, indien jy wegkruip, sal jy dit nie beleef nie, word gesê.

Ander opmerkings verwys na die gemeente as warm met goeie deelname, meelewend, 'n heerlike gemoedelike atmosfeer. Daar is baie afgetrede persone, maar mense met meer moderne smake word ook geakkommodeer. Daar is 'n jong gees, bruisende lewe, ruimte vir kreatiwiteit, barmhartigheid, 'n sending- en koninkrykperspektief. Tweespalt is afwesig.

Vrae vir oorweging aanbeveel:

- Dit lyk asof baie moeite gedoen word om die verhoudinge in die gemeente warm en ontspanne te hou. Die gemeente maak doelbewus ruimte vir soveel moontlik lidmate se behoeftes. Wat glo die gemeente oor konflik en spanning? Kan daar goed hieruit voorkom of moet dit vermy word? Watter kreatiewe spanning kan die gemeente help om meer doelgerig te fokus op die onderskeiding en beoefening van haar roeping?
- Vermy die gemeente en die leierskap die neem van risiko's? Watter risiko's word julle uitgedaag om in diens van die koninkryk te neem?
- Baie energie word aan die bediening van lidmate spandeer, met goeie vrug. Wat is nodig om 'n visie vir bediening deur lidmate aan die wêreld te skep? Hoe kan die tradisionele bedieningsinstrumente, soos huisbesoek, kleingroepbyeenkomste en wyksbyeenkomste hiervoor ingespan word?
- Hoe kan lidmate wat (onbewustelik?) net vir die instandhouding van bestaande geestelike gemeenskap deel van die gemeente is, gehelp word om die buitestander en vreemdeling raak te sien?

VRAAG 2: HOE KAN GEMEENTELEDE LEER WAT DIE BETEKEN OM 'N VOLGELING (DISSIPEL) VAN JESUS CHRISTUS TE WEES?

Sommige antwoorde wat mense gegee het:

Daar word oorweldigend verwys na die erediens en prediking, kleingroepe (sel- en Bybelstudiegroepe, wyksbyeenkomste), betrokkenheid by die gemeenteprogram, die lees van die Woord, en gebed. 'n Buitereemdeling meld dat daar genoeg geleentheid vir dissipelskap vir kinders en ouer mense is, maar nie genoeg vir die groep 18-35 nie. Die voorbeeld van medegelowiges en die predikante, en praktiese dienslewering word ook genoem

Vrae vir oorweging aanbeveel:

• In watter mate word dissipelskap gesien as deelname aan die kerk se program? Is 'n kerk-sentriese verstaan van Christenskap vir die gemeente wat dissipelskap behels?

- Wat is die heersende Godsbeeld en siening van Christus in die gemeente? Bestaan daar kreatiewe spanning tussen die gangbare kulturele lewenspraktyk van die gemiddelde Westerling en die identiteit en roeping van God?
- Hoe daag die Bybel Bybelstudiegroepe en ander kleingroepe uit om 'n alternatiewe lewenstyl te ontwikkel? Hoe word lidmate onderling verantwoordbaar gehou om hul doopbeloftes en – verantwoordelikhede uit te leef?
- Watter geestelike dissiplines word tydens vergaderings van die kerkraad of kommissies gebruik om lede as dissipels te vorm?
- Watter patrone en keuses word lidmate uitgedaag om te laat vaar en watter om nuut aan te leer deur prosesse van geestelike vorming in die gemeente? Hoe word dit voorgeleef?

VRAAG 3: VERTEL IETS WAT ILLUSTRER HOE JY ERVAAR DAT GOD TEENWOORDIG IS EN HOE HY WERK IN HIERDIE GEMEENTE

Sommige antwoorde wat mense gegee het:

Verskeie persone verwys na hulp in krisissituasies, en gee voorbeelde: hulp aan mense wat verliese ly, bystand tydens siekte, meelewing tydens dood in die familie. Dit is opvallend hoeveel spesifieke en konkrete voorbeelde van ondersteuning uit die terugvoer blyk. Leraars en kerkradslede is ook hier betrokke. Verder word genoem barmhartigheidsprojekte, sendinggerigtheid, en die kwaliteit van onderlinge verhoudinge. Die Here werk deur mense wat vrywillig betrokke raak by die gemeenteprogram, en finansiële seën vir die gemeente

Belewensse rondom die erediens word ook dikwels genoem as illustrasie van God se teenwoordigheid. Persone verwys na spesiale erediens, soos die Kerssangdiens, die musiekbediening, aanbiddingsliedere, die bywoningsgetalle wat bemoedigend is, vriendelike gesigte en groetery, gebed, gebedsverhoring en gebedsaksies, die boodskap as padkos.

Die kinderkerk word ook as 'n teken van God se seën en teenwoordigheid beleef. Verskeie deelnemers verwy na die kinderbediening.

Vrae vir oorweging aanbeveel:

- Dit is duidelik dat 'n groot groep in die gemeente reeds die lewensfase betree het waar fisiese broosheid 'n lewenswerklikheid is, en mense op mekaar aangewese is. Konkrete hulp en dienslewering kan op gepaste wyse gevier word. Hoe sou julle dit kon doen? Meer intensioneel kon doen?

- Hoe sou die bewussyn van die broosheid van die groter gemeenskap gekweek kon word. Watter gestaltes neem broosheid onder jonger persone binne en buite die gemeente aan?
- Julle gemeente se betrokkenheid by ander in nood is opwindend. Kan julle al 'n meer spesifieke roeping van God onderskei? Kan julle al presies sê waar God deur julle in die omgewing wil werk? Met ander woorde: kan julle jul gemeente se identiteit al verbind aan 'n spesifieke roeping en/of bestaansrede vir julle bestaan?

VRAAG 4: BESKRYF 'N ERVARING VAN BETEKENISVOLLE AANBIDDING VAN GOD WAT JY IN DIE GEMEENTE GEHAD HET

Sommige antwoorde wat mense gegee het:

Baie mense verwys na die musiekbediening en sang as ervaring van betekenisvolle aanbidding. Sintuiglike aspekte, soos klank (sang en musiek, voorsang, koorsang, musiekbedieningsgroep), beeld (op dataprojektor), en "die doop van my kinders" word uitgelig. Spesiale eredienste en reeks, soos Pinkster 2012, Kerssangdienste, en 'n begrafnis word genoem.

Van die deelnemers beleef die Here in praktiese diensbaarheid, bv. die bring van voedsel na die koskas, 'n spesifieke spreker, die getuienis van iemand wat in 'n ernstige ongeluk was, en tydens uitreike. Enkele persone meld ook dat hulle die Here tuis beleef, of tydens 'n uitreik.

Vrae vir oorweging aanbeveel:

- Wat kan julle doen om die konteks / gemeenskap waarheen julle gestuur word sintuiglik in die erediens teenwoordig te stel?
- Hoe kan die bewussyn van God wat aktief handel, mense roep, versamel, fokus, bemagtig en stuur in julle gemeente groei? Hoe word Westerlinge, met 'n hoë selfbewussyn se aandag op God en God se handeling gefokus?
- Die middelpunt van eerbetoon gaan nie daaroor dat 'n mens se eie behoeftes bevredig moet word nie. God voorsien wel in ons diepste behoeftes, selfs die behoeftes waarvan ons nie eens geweet het voor ons deel van die Christelike gemeenskap geword het nie. Maar aanbidding gaan nie in die eerste plek oor ons nie, maar oor God. Aanbidding word aan God gerig en verkondig aan die wêreld wat God gedoen het. Style van aanbidding en musiek kan verskil tussen kulture en plekke – wat belangrik is, is om God in die middelpunt van die aanbidding te plaas. Hoe word hierdie bewussyn doelbewus in julle gemeente lewend gehou?

VRAAG 5: VERTEL VAN 'N SITUASIE WAARIN JY EN/OF ANDER MENSE BY 'N PROBLEEM OF KONFLIK BY DIE KERK BETROKKE WAS EN HOE DIT HANTEER IS

Sommige antwoorde wat mense gegee het:

Deelnemers vestig die aandag op die volgende voorbeelde van konfliktsituasies:

- Die generasiegaping veroorsaak soms konflik, hoewel die kerk sy bes doen om almal te akkommodeer. Van die ouer mense was ontvrede oor 'n swart kind wat aan 'n vorige Kerssangdiens deelgeneem het. Die huidige reëling rondom die twee oggenddienste en kinderkerk is 'n goeie oplossing hiervoor, word gesê.
- Van die lidmate voel die kerk moet net Afrikaans sing, want die Engelse kerk sing nie Afrikaans nie.
- Soms stamp lidmate kop tydens projekte en aksies.
- Kleiner insidente van konflik word genoem, waarvan gesê word dis bevredigend opgelos, terwyl ander weer meen konflik word onder die mat ingevee.

Verskeie lidmate meld dat hulle nie bewus is van konflik nie. Melding word nie gemaak van interpersoonlike konflik tussen die leierskap en die gemeente nie.

Voorbeelde word gegee van konflik wat opgelos is, terwyl die meeste deelnemers meen die gemeente is geneig om konflik nie in die oë te kyk nie, maar dit te probeer ontduik. "Vlug" eerder as "veg," is die dominante konflikhanteringstyl. Verskeie voorbeelde word egter gegee van die gesonde tussenposisie, waar konflik wel deur verhoudinge en aksie aangespreek is.

Vrae vir oorweging aanbeveel:

- Watter positiewe rol kan konflik in julle gemeente speel om die missionêre bewussyn van die gemeente te verhoog?
- Hoe kan lidmate die volgende geestelike vaardighede inoefen:
 - Om na mekaar te luister en genoeg tyd saam te spandeer sodat praat en luister werklik kan plaasvind.
 - Om na God te luister deur gereelde gebed – beide individueel en saam met ander.
 - Aktiewe hulpvaardigheid aan mekaar. Lidmate is bereid om onderbreek te word en van hulle planne af te sien ter wille van ander se versoeke en eise. Hulle wil “mekaar liefhê soos Ek julle liefgehad het”, in die woorde van Jesus aan sy dissipels.
 - Hulle verdra mekaar deur moeilike tye, irritasies en teenspoed.
 - Hulle is gasvry en betrek diegene wat anders is as hulle. Dit behels ongetwyfeld die oorsteek van grense van etnisiteit, klas, ekonomiese status en kultuur.
 - Hulle hou mekaar in liefde verantwoordbaar en is gewillig om raad in die gemeente te gee en te ontvang.
 - Vergifnis en versoening. Om te leer hoe om mekaar in die gemeente te vergewe, is onmisbaar daaraan verbind om 'n mens se vyand te vergewe en lief te hê.

VRAAG 6: WAT MAAK JOU ANGSTIG OOR DIE TOEKOMS VAN DIE GEMEENTE EN WAT GEE JOU HOOP?

Sommige antwoorde wat mense gegee het:

Angstig: Heelwat angs word rondom die jeug uitgespreek. Voorbeelde: jongmense verdwyn na belydenisaflegging; daar is 'n leemte in die gemeente vir persone tussen 14-25; en jongmense wat na meer charismatiese kerke beweeg, daar is nie genoeg "plek" vir jongmense nie, die graad 8 – 12's word nie nou bedien nie. Daar is ook kommer oor die mate waarin jongmense net aan *gospel*-musiek blootgestel word.

Andersins word angstigheid uitgespreek oor die bekrompe manier waarop mense in die gemeente oor kerkhereniging en Belhar dink, gebed en voorbidding wat nie genoeg in eredienste beklemtoon word nie (bv. vir die landboustaking), moontlike beperkinge op die groei van die gemeente, angstig dat daar later nie meer leraars vir ouer lidmate bekostig sal kan word nie, lidmate ken mekaar nie goed genoeg nie, daar is min vernuwing, "te vervelig", die eerste diens stagneer, die gemeente is na binne gekeer, diens word vir "entertainment" verruil, "daar is nie hoop vir die toekoms nie omdat daar nie meer belangstelling in godsdiens is nie."

Hoop: Dit skep hoop dat daar uitgereik word na jong kinders, daar is jong betrokkenes in die gemeente, vernuwing in die kinderkerk, die kinderkerk as sodanig, en aanpassing in formaat van aanddienste, die volgende generasie is opgewonde oor aanpassing in die kerk, daar is samewerking, verdraagsaamheid, omgee vir mekaar, die gemeente is standvastig, 'n nuwe gees (Gees) waai deur die gemeente.

Die leraars word deur verskeie lidmate as 'n bron van hoop beskryf: hulle het dieselfde toekomsvisie, kom goed met mekaar oor die weg, die Pinksterreeks oor die bergpredikasie was hoopvol.

Die samewerking in die gemeente word soos 'n refrein herhaal as hoopvol. Die besef dat ons almal gestuurdes is en aksent op die sendingvisie word ook as hoopvol uitgelig.

Vrae vir oorweging aanbeveel:

• Die stressore wat lidmate noem het baie met die welsyn van die gemeente te doen. Stem julle saam? Daar is egter ook lidmate wat die omliggende en groter gemeenskap raaksien. Kerkhereniging en landbou word genoem. Hoe kan 'n visie vir die groter omgewing (julle is geseën om tot seën te wees) in die lewe van die gemeente ingewef word?

• In aansluiting by die vorige vraag, moet gevra word hoe julle gemeente jul gestuurde roeping kan onderskei. Gemeentes wat hulle gestuurde roeping ken, het baie tyd aan **onderskeiding** spandeer. Onderskeiding behels die volgende.

- Tyd. 'n Proses van onderskeiding mag maande neem – en aanhou soos die gemeente meer van haar gestuurde roeping begin verstaan.
- Gebed. Onderskeiding vra dat ons na God luister en met Hom praat. Die gemeente bid met 'n ingesteldheid van openheid vir wat God ook al van hulle vra. In gebed vra die gemeente dat God se wil deur hulle sal geskied.
- Bespreking. Onderskeiding vra dat daar van ander gemeentede geleer word en ook om te toets of dit wat een persoon van God kon gehoor het, wel God se Gees is.
- Om die gemeente se konteks te verstaan – in die buurt, stad, nasie, etniese groep, ensovoorts.
- Aksie. Die gemeente kan die aksies uitvoer wat deur haar gestuurde roeping geïmpliseer word. Ná daar volgens die gestuurde roeping gehandel is, mag die gemeente meer oor hulle roeping verstaan.

VRAAG 7: VERTEL HOE JY EN ANDERE VOEL OOR DIE VERANDERINGE WAT DIE AFGELOPE 3 TOT 5 JAAR IN DIE GEMEENTE PLAASGEVIND HET

Sommige antwoorde wat mense gegee het:

Deelnemers verwys na die fokus op kinders, vernuwing in die musiekbediening, die orkes, die gebruik van multimedia, meer funksies as geleentheid vir sosialisasie is positief. Die veranderinge ondersteun die jeugbediening, wat positief is, omdat hulle die toekoms is. Die stadige maar sekere verandering in die gemeentekultuur is "stunning". Die gesinsdiens is positief. Verskeie lidmate spreek opgewondenheid oor die eredienste uit. "Dit is goed om met klein kindertjies jou plek in die gesinsdiens te hê – en nie in afsondering in die moederskamer – so kan kinders dan ook gemakliker inskakel as hulle groter word."

Die biduur wat kwyn word as 'n refleksie op die belang van voorbidding gesien, wat kommerwekkend is. Nog 'n persoon wil graag meer voorbidding vir die land beleef. Nog iemand (meer as 10 jaar in die gemeente) is positief oor die verandering, maar voel daar het "nie veel" verander nie. Nog iemand wil sien dat mense "met die lyf" die Here aanbid, soos om die hande op te hef. Iemand verwys na die jeugbediening aan hoërskoolkinders wat "non-existent" is.

Vrae vir oorweging aanbeveel:

• Dit is duidelik dat julle baie moeite doen om 'n goeie gemeente te wees, en 'n pad van vernuwing loop. Die uitdaging is moontlik om te skuif van 'n goeie gemeente "vir onself" na 'n goeie gemeente "vir die omgewing". Stem julle saam? Wat kan julle doen om hierdie skuif te bewerkstellig?

• Hoe voel julle oor die neem van risiko's? Watter risiko's word julle geroep om ter wille van die wêreld te neem?

• Hoe word die geestelike belange van diegene na wie julle gestuur word (bv. die gemeenskap se jeug), maar wat nog nie deel van julle gemeente is nie, in die gemeente verteenwoordig?

VRAAG 8: HOE VOEL JY EN ANDER OOR DIE VERANDERINGE WAT IN DIE AFGELOPE 3 TOT 7 JAAR IN DIE SAMELEWING RONDON JULLE PLAASGEVIND HET

Sommige antwoorde wat mense gegee het:

Mense verwys na verskeie kommerwekkende verwikkelinge in die samelewing.

Oor die huwelik en gesin: ouers is baie minder betrokke by kinders, daar is nie respek vir die huwelik nie, ouers skei en kinders kry dit nie reg om die gevolge te hanteer nie. Daar is baie enkelouergesinne. Jongmense raak vroeg seksueel aktief. Morele standarde daal. Mense op die punt van egskeiding verdien ondersteuning.

Daar word herhalend na ekonomiese omstandighede verwys. Armoede en verarming is kommerwekkend, werkloosheid styg, inflasie, elektrisiteitspryse, afgetredenes wat swaarkry, bejaardes wat in kinders se agterplase land, en finansiële ongelykheid in die land word ook genoem. Misdaad neem toe weens armoede en ongelykheid. Korruptie neem toe.

Die negatiewe gesindheid wat onder baie mense heers word ook genoem as 'n tendens in die samelewing. Misdaad is 'n toenemende probleem. Plaasmoorde word ook genoem. Daar word teen blankes gediskrimineer. Mense voel daar is niks om voor te lewe nie. Die spanning tussen boere en plaaswerkers word ook genoem.

Persone openbaar 'n sterk bewussyn van agteruitgang in die samelewing, ook geestelik en moreel. Enkele positiewe opmerkings word gemaak. Iemand sê in hul buurt is daar 'n geweldige gees van samehorigheid. Die kerk bly 'n anker. Iemand sê: "Maar as ek kyk na die mense rondom my en myself is daar ongelooflike veranderinge te goeie. Veral die nuwe generasie jongmense maak my opgewonde." Nog iemand verwys ook na positiewe ontwikkelinge, soos ras-geïntegreerdheid wat groei. Nog iemand beskryf die roeping van die kerk as volg: "Ons behoort te getuig van wat dit beteken om in 'n gemeenskap van gelowiges opgeneem te wees. Ons moet deur lewenstyl en getuienis verkondig dat 'n lewe saam met Christus oor en oor die moeite werd is."

Vrae vir oorweging aanbeveel:

- Hoe verstaan julle as leierskap die nood van die wêreld? Die behoeftes van julle konteks? Die indruk ontstaan dat julle sterk fokus op georganiseerde dienslewering aan individue in persoonlike nood. Dit is prysenswaardig. Mooi so! Wanneer ons kyk na die beskrywing van nood in julle konteks (kyk bv. na opmerkings van persone by vrae 1 en 3), wonder ons of daar nie 'n braak veld lê vir 'n bediening waar lidmate gehelp kan word om die geleenthede in die konteks raak te sien nie. Wat sou gebeur as mense hulself as gestuurdes sien na 'n "vreemde" land waarin hulle nie langer tuis voel nie? As mense in Woordgebaseerde gesprekke nadink oor die konteks, en God se uitnodiging hoor om Hom in dit wat Hy dáár doen na te volg nie. So 'n benadering mag dalk meer saaklik gerig wees, en verg dat lidmate goed wat "vuil" voorkom (soos die ekonomie en politiek, die onderwys en geld) op hul godsdienstige radar moet kry. Maar dit mag help dat julle kerk werklik die nood van julle konteks weerspieël. Hoe dink julle hieroor?
- Wie is julle vennote (individue en organisasies of instansies) wanneer julle God se heil na die wêreld neem?
- Een van die herhalende temas in die terugvoer is jongmense, veral tieners en jong volwassenes. Lidmate is diep bewus van hulle geloofsvorming. Hoe sien julle julle rol in hierdie opsig tot heil van julle hele gemeenskap?